

SUNStudent bereik groot mylpaal met die afhandeling van bloudrukwerkswinkels




Die bloudrukfase van die SUNStudentprojek het bestaan uit 32 besigheidsareas wat ingedeel was in 4 mandjies. Werskwinkels is gehou met US-personeel wat oor die relevante kennis beskik vir elkeen van die 32 besigheidsareas. Die werkswinkels het reeds in Junie 2019 afgeskop met die mandjie 1-besigheidsareas en die laaste werkswinkels is voltooi in Maart 2020 met die mandjie 4-besigheidsareas soos volg:

- Akademiese advies, beplanning en ondersteuning
- Verkiesings
- Skedulering van lokale en klasse
- Verenigings- en Sportklubbestuur
- Handboekbestellings
- Kwalifikasie-oudit en gradeplegtighede
- Eksamenbestuur
- Amptelike verslae
- Dissiplinêre stappe
- Somer-/Winterskool
- Ete-bespreking

Die Serosoftspan in samewerking met die US personeel wat die werkswinkels bygewoon het, het die insiggewende gesprekke tydens hierdie werkswinkels soos in die verlede baie positief ervaar en al die geskeduleerde fokusgroepbesprekings is met groot sukses en opwinding afgehandel.

Aktiwiteite wat ná hierdie werksinkels volg, sal voortgaan as deel van 'n gefaseerde projekplan en sluit die samestelling van die bloudrukdokumentasie deur die Serosoftspan, asook die hersieningsproses deur die US span in. Hierdie proses is 'n iteratiewe proses wat op die "RACI"-model (sien definisies op die SUNStudent-webtuiste) gebaseer is. Die afgetekende bloudrukdokumente sal dien as die basis vir die ontwikkeling van die SUNStudent-stelsel.



Met die afhandeling van die mandjie 4-besigheidsarea-werksinkels het die SUNStudent-projek sy eerste groot mylpaal bereik! Hoede af vir die uitstekende projekspan, insluitend US, Serosoft en Eiffel Corp wat almal ongekende deursettingsvermoë getoon het gedurende die afgelope 10 maande. Opregte dank aan elkeen wat hierdie werksinkels bygewoon het en bygedra het tot die sukses daarvan.

Die inligting hieronder dui die pogings aan wat bygedra het tot die sukses van die eerste projekmylpaal:

- 9.5 weke van geskeduleerde werksinkels vir mandjies 1 - 4
- Omgeskakel na 48 dae of 2.5 maande indien dit direk op mekaar sou volg
- Omgeskakel na 384 ure – alle ure was deur Serosoft opgeneem en hulle moes ten minste weer eenkeer na elke opname luister na hulle terugkeer na Indore, Indië
- In totaal het die mandjie 1 – 4 werksinkels uit 68 sessies bestaan, deur 2376 mense bygewoon – dit is 'n gemiddeld van 35 persone per sessie
- Die veranderingsbestuur-voorbereidingswerksinkels het uit 12 sessies bestaan met 'n bywoningsgetal van 238 – gemiddeld 20 persone per sessie
- Die Serosoftspan het 12 retoervlugte onderneem (3 x 4 werksinkels) – dit kom neer op 288 ure in die lug (oorstaantye in Mumbai of Addis Ababa uitgesluit)

Het jy geweet dat jy meer inligting rakende die SUNStudent-projek insluitende die bloudrukproses, hoëvlakprojekplan, terminologieë asook "FAQ's" op die SUNStudent-webtuiste kan vind by:

<http://www.sun.ac.za/afrikaans/SUNStudent/Pages/default.aspx>

Het jy enige vrae? Maak asb. van ons projek epos-adres gebruik vir enige vrae of terugvoer rakende die projek: sunstudent@sun.ac.za